# 2 Augustus 2023 - Lesing 89 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Verlokkinge van die wêreld en oorwinning – 25/11/58

**NO: 7215** En wanneer julle die vreugdes van hierdie wêreld begeer, bied dan weerstand en dink daaraan dat dit 'n versoeking van My teenstander is, wat vir julle al die mooi en bekoorlike van hierdie wêreld voor oë hou, **om julle uit die geestelike gebied weg te lok, waarin julle al 'n rusplek gevind het**.

Solank as wat julle as mens op aarde vertoef, sal die wêreld bly indruk maak op julle. En hierdie indruk kan baie swak wees, maar ook so sterk, dat julle ten prooi val aan haar bekoringe; dat die verlokkinge sodanig is dat julle dit nie kan weerstaan nie. En dit sal steeds die geval wees wanneer julle die band met die geestelike ryk losser maak, wat by elke mens af en toe die geval is, ook wanneer hy van goeie wil is.

En daarom maak Ek julle attent daarop, dat julle steeds ag moet slaan daarop wanneer die wêreld julle begin te lok, dat die gevaar dan op die loer lê **wanneer julle in die nabyheid kom van diegene wat julle maar net ten gronde wil rig,** al lyk die wêreldse verlokkinge hoe skadeloos. En julle kan julself maklik vir die gek hou met die woorde dat dit maar net onskuldige plesier is wat geen gevaar inhou vir julle geestelike welsyn nie.

In die begin is dit ook so, maar **die skadeloosheid maak spoedig plek vir 'n ernstige gevaar**, omdat die mens nie tevrede is met klein onskuldige plesiertjies nie en die verlokkinge steeds groter word, wanneer hy eenmaal toegegee het en homself bedrieg. Die stap is nie groot van die een weg na die ander nie, van die smal weg na die breë, wat soveel bekoringe bied dat 'n mens selde daarby kan verbygaan. Daarom is dit goed om julle blikke nie eers daarheen te laat dwaal nie, na waar die weg split en weer na die breë weg lei nie. Want dit voer omlaag en juis **daarom vestig hy die blik op vreugdes en skoonhede** aan die rand van die weg, sodat niemand agterkom dat die weg afwaarts gaan nie.

Maar die smal weg, wat minder begaanbaar is en minder bekoorlikhede het om te bied, lei omhoog. En as julle jul blik steeds na bo gerig hou, dan sal julle ook nie die onaantreklikheid, die ongerief en ongelykheid van die pad agterkom nie, maar sal daaroor heen gedra word deur hulpvaardige leiers, **sodat die klim ook moeiteloos afgelê kan word** deur diegene wat **ernstig probeer** om die weg omhoog te gaan.

Dit genietinge hou tewens nie lank nie en dit troos jou ook nie op jou lewensweg nie. En alle vreugdes en wêreldse genoeglikhede weeg nie op teen dit wat die mens daardeur inboet nie, wat hy verspeel vir sy lewe hierna, wat hy onherroeplik tegemoet gaan.

Die aardse bestaan is slegs kort vir julle almal, selfs wanneer julle volgens julle begrippe 'n hoë ouderdom bereik het. Want die ewigheid laat julle insien, dat dit net 'n oomblik is in hierdie ewigheid. En in hierdie "oomblik" kan julle, ter wille van julle siel, maar 'n klein bietjie afsien van die aardse vreugde en genietinge. En die hele ewigheid sal aan julle geluksalighede skenk wat onmeetlik is. En dit weet My teenstander en vyand van julle siele. En hy probeer om dit te verhinder, deurdat hy julle lok. Hy wat julle weer vir ewighede ongelukkig wil maak, wanneer julle hom ter wille is en sy verleiding nie weerstaan nie.

En waar **die verlange na aardse vreugde en genietinge nog sterk is**, daar slaag hy ook met sy verleidingskuns. Hy behaal sukses en lei die siele van die geestelike weg af, wanneer hulle dit al betree het.

Daarom waarsku Ek julle baie nadruklik: "Laat julle nie verblind deur die wêreld en haar vreugdes nie". Knoop dit in julle ore, dat dit die middele is van My teenstander om julle vir hom te wen. Want die goedere en vreugde wat uit My ryk kom, wat Ek Self vir julle aanbied, is van 'n ander aard. Dit is geestelike goedere wat julle wel - as julle in die liggaam woon - nog nie so waardevol vir julle sal voorkom nie, **maar wie se onmeetlike waarde julle eers in die geestelike ryk sal herken.**

Maar dan sal julle ook bomate gelukkig wees, dat julle haar besit en dat julle so-iets nie ter wille van waardelose goedere en vreugdes weggegooi het nie.

**En al is julle aardse bestaan ook arm aan vreugdes van wêreldse aard, betreur dit nie**. Want des te ryker sal julle wees wanneer julle eendag in die ryk aangekom het wat werklik is, wat nie slegs skyngoedere vertoon nie, maar wat aan julle onbeperkte, onverganklike geluksalighede sal skenk. Dan sal julle julleself verheug en hierdie vreugde sal anders wees as wat julle op aarde kon ervaar.

**Want die vreugde berei Ek Self; Ek, Wie julle as Vader liefhet en wat My kinders vir ewig gelukkig wil maak. Amein**.